**ATKV-betrekkings**

ATKV-Klein-Kariba

**Mensehulpbronbeampte (12-maande-kontrak)**

Die ATKV is 'n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met 'n vakature vir 'n gekwalifiseerde mensehulpbronbeampte (12-maande-kontrak) by sy vakansieoord, ATKV-Klein-Kariba.

Die ATKV volg 'n gelyke-indiensnemingsbeleid.

## Vereistes

- 'n Kwalifikasie in menslike hulpbronbestuur en twee tot vyf jaar se toepaslike ondervinding in alle areas van die dissipline.
- Rekenaarvaardighede met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Kennis van elektroniese betaalstelsels en Sage 300 People.
- Uitstekende administratiewe vaardighede.
- Goeie menseverhoudings en kommunikasie.
- Moet onder druk kan funksioneer.

## Vernaamste verantwoordelikhede

- Belanghebbendes: Verskaf ondersteuning aan departemente en personeel, bestuur fondse en handhaaf kommunikasieprosesse.
- Kommunikasie: Stel forums op, neem deel aan vergaderings, help met diensbeplanning en berei verslae voor.
- Finansiële bestuur: Help met begrotingsvoorbereiding en verseker kostedoeltreffende aankope.
- Voorraadbeheer: Bestuur voorraad en koördineer aankoopaktiwiteite.
- Statutêre en regsvoldoening: Verseker nakoming van wetgewing en maatskappybeleide.
- Algemene mensehulpbronbestuur: Monitor werknemerwelstand en bevorder persoonlike ontwikkeling.
- Werwing en erkenning: Koördineer werwingsprosesse en pas erkenningstelsels toe.
- Prestasiekontraktering en dissiplinêre kode: Bestuur en beheer van prosesse.
- Opleiding: Identifiseer opleidingsbehoeftes en fasiliteer vaardigheidsontwikkeling.
- Prosessering: Handhaaf personeelrekords en verlof en verseker akkurate salarisverwerking, asook rekonsiliasies.

As jy graag vir so 'n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Adrien Viljoen by kkbetrekkings@atkv.org.za
Aansoeke moet die ATKV voor **17 Mei 2024** bereik.
Gebruik asseblief **KKMHB02** as verwysing.

**Hierdie is 'n dienskontrak vir slegs 12 maande.**
**Geen behuising word verskaf nie.**

**Indien jy binne vier weke ná die sluitingsdatum nog geen terugvoer ontvang het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**